Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

**PUNTE-TOTAAL**

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

# MUSIEK: VRAESTEL I

**EKSAMENNOMMER**

Tyd: 3 uur 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye, 24 klanksnitte en 'n Hulpbronboekie van 11 bladsye (i–xi). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. 'n Bladsy gemerk vir rofwerk is in die Hulpbronboekie ingesluit.

2. Elke kandidaat moet 'n CD- of MP3-speler ontvang en moet vir die hele duur van die eksamen toegang hê tot hierdie luistertoerusting met kopfone. Kandidate mag nie tydens leestyd na die snitte luister nie. Let asseblief op die stemetiket vir elke snit wat die korrekte nommering van die snit bevestig. Die benaderde lengte van elke snit word in die vraag genoem. Indien jou snit nie die korrekte lengte is nie, vra asseblief die opsiener om bystand met jou klanktoestel.

3. Al die vrae moet op die vraestel beantwoord word. Moenie enige vrae in 'n antwoordboekie beantwoord nie. Die musieknotasie moet met 'n skerp potlood geskryf word. Die res van die vraestel moet met 'n pen beantwoord word. Skryf leesbaar en bied jou werk netjies aan. Moenie Tippex gebruik nie.

4. Laat jou asseblief deur die puntetoekenning lei wanneer jy jou antwoorde beplan; die aantal reëls wat nodig is, sal van individuele handskrif afhang. Vermy herhaling in jou antwoorde. Oor die algemeen sal een punt vir elke wesenlike feit toegeken word BEHALWE vir die OPSTEL, waar 'n halfpunt toegeken sal word per vergelyking met die oorspronklike werk.

5. Een blanko bladsy (bladsy 16) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n antwoord het, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

---

| VRAAG | MAKSIMUM PUNT | BEHAAL |
|---|---|---|
| 1 | 17 | |
| 2 | 12 | |
| 3 | 17 | |
| 4 | 10 | |
| 5 | 13 | |
| 6 | 20 | |
| 7 | 11 | |
| **TOTAAL** | **100** | |

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 1

Luister na **Snit 01 (00:18)**, **Snit 02 (01:24)**, **Snit 03 (00:45)**, **Snit 04 (00:21)** en **Snit 05 (00:40)**.

1.1 Verbind elke term in die tabel hieronder met die snit waarin dit gehoor word. Gebruik elke term slegs een keer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| A | Ostinato | F | 12-maat-blues |
| B | Nabootsing | G | 20ste-eeuse populêre musiek |
| C | 20ste-eeuse kunsmusiek | H | Onvolmaakte kadens |
| D | Elektroniese musiek | I | Variasie |
| E | Monofoniese en polifoniese tekstuur | J | Sinkopasie |

| **Snit 01** | **Snit 02** | **Snit 03** | **Snit 04** | **Snit 05** |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |

(5)

Luister na **Snit 06 (00:14)**.

1.2 Kies die melodie wat in **Snit 06** gespeel word. Die melodie word drie keer in Snit 06 gespeel.


| | |
|---|---|
|  | |
|  | |
|  | |

(1)

IEB Copyright © 2021

Luister na **Snit 07 (00:14)**. Die uittreksel hieronder word drie keer in Snit 07 gespeel.

1.3 1.3.1 Voeg 'n tydmaatteken aan die begin van elke maat in die uittreksel hieronder in.




(2)

1.3.2 Noem die tipe metrum wat jy in elke maat ingevoeg het.

Maat 1: ______________________________

Maat 2: ______________________________

(1)

Luister na **Snit 07a (00:39)** wat 'n uitgebreide weergawe van Snit 07 is.

1.4 1.4.1 Identifiseer die toonsoort van die uittreksel.

______________________________________________________________

(1)

1.4.2 Gee die tegniese name van die note in Vraag 1.3.1, gemerk (i) en (ii).

(i) ______________________________________________________

(ii) ______________________________________________________

(1)

Luister na **Snit 08 (00:15)**.

1.5 Identifiseer die ritme van die slagwerkparty van Snit 08. Die volledige ritme word twee keer in Snit 08 gehoor.

| | |
|---|---|
|  | |
|  | |
|  | |

(1)

Luister na **Snit 09 (02:28)**. 'n Partituur van Snit 09 verskyn in **Bylaag A** in die Hulpbronboekie.

1.6 Identifiseer die vorm van Snit 09.

| | | |
|---|---|---|
| Strofies | Gewysig strofies | Deurgekomponeer |

(1)

1.7 Tussen Maat 41 en Maat 51 beweeg die sanger van praat oor sy landelike geluk na nadenke oor 'n stadslewe. Beskryf VIER maniere waarop die komponis hierdie emosieverandering deur die musiek bewerkstellig. Jy kan kommentaar lewer oor die partituur en die opname.

(4)
**[17]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 2

Luister na **Snit 10 (02:05)** en **Snit 11 (01:22)**. Die woorde en hul vertaling verskyn in **BYLAAG B** in die Hulpbronboekie.

2.1 2.1.1 Noem die karakter wat in Snit 10 sing. Waaroor sing hy?

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

2.1.2 Noem die tipe aria wat deur Snit 10 en Snit 11 verteenwoordig word.

________________________________________ (1)

2.1.3 Verduidelik die doel van die tipe aria wat in Vraag 2.1.2 genoem is.

________________________________________ (1)

2.1.4 Snit 10 en Snit 11 is uit twee verskillende operas van Mozart geneem. Gebruik die opskrifte wat gegee word en beskryf kortliks VIER ooreenkomste tussen die twee snitte wat kenmerkend is van hierdie tipe aria.

- Sangstyl:

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

- Orkeswoordskildering en -dinamiek:

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2021

Luister na **Snit 12 (00:35)** en **Snit 13 (00:39)**.

2.2 In Snit 12 en Snit 13 gebruik Mozart en Lionel Bart instrumente en die musiek-elemente om hul karakters onheilspellend/dreigend te laat klink. Gebruik die opskrifte hieronder en beskryf hoe albei komponiste hierdie stemming in hul musiek bewerkstellig.

Stemtipe: ______________________________________________ (1)

Tonaliteit: ______________________________________________ (1)

Snaarinstrumente in Snit 12: ______________________________________________

______________________________________________ (1)

Koperblaasinstrumente in Snit 13: ______________________________________________

______________________________________________ (1)

**[12]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 3

Verwys na **Bylaag C**, **Bylaag D** en **Bylaag E** in die Hulpbronboekie.


3.1 Voltooi die tabel om die Jazz-styl te illustreer wat deur elke bylaag verteenwoordig word.

| | **Bylaag C** | **Bylaag D** | **Bylaag E** |
|---|---|---|---|
| Styl | | | |
| Tempo | | | |
| Tipe ensemble | | | |
| Tipe orkestrasie | | | |

(12)

3.2 Transponeer die volgende uittreksel uit Bylaag C 'n majeur 2de laer soos dit in konsertstemming sal klink wanneer dit gespeel word deur 'n trompet in B♭. Moenie 'n toonsoortteken gebruik nie.





(3)

3.3 Identifiseer die vorm van Bylaag C.

______________________________________________________________

(1)

3.4 Noem die tekstuur van Bylaag D.

______________________________________________________________

(1)

**[17]**

IEB Copyright © 2021 

**VRAAG 4**

Luister na **Snit 14 (00:25)**, **Snit 15 (00:18)**, **Snit 16 (00:21)** en **Snit 17 (00:30)**.

4.1 Lees die aanhaling oor Beethoven se 5de Simfonie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Die bekende aanvangsmotief word in byna elke maat van die eerste beweging gehoor en, met voorsiening vir wysigings, in die ander bewegings ook. |

- Snit 14 – aanvangsmotief uit 1ste beweging
- Snit 15 – uittreksel uit 2de beweging
- Snit 16 – uittreksel uit 3de beweging
- Snit 17 – uittreksel uit 4de beweging

4.1.1 Beskryf die ooreenkoms tussen die ritme van al die snitte.

________________________________________________

________________________________________________

(1)

4.1.2 Beskryf hoe die aanvangsmotief wat in Snit 14 gehoor word, "gewysig" is in Snit 15, Snit 16 en Snit 17. Gee TWEE "wysigings" per snit.

| | "Wysiging" |
|---|---|
| Snit 15 | |
| Snit 16 | |
| Snit 17 | |

(3)

IEB Copyright © 2021

Luister weer na **Snit 14** en dan na **Snit 18 (01:05)**.

4.2 Die jare 1803 tot 1808 is beskryf as "Beethoven se Heroïese Fase" waarin baie van sy musiek 'n tema van oorwinning oor teëspoed bevat. Vergelyk DRIE musiek-elemente/komposisietegnieke wat in Snit 14 en Snit 18 gehoor word om te toon hoe dit in sy 5de Simfonie bewerkstellig is.

(6)

**[10]**

IEB Copyright © 2021

**VRAAG 5**

Luister na **Snit 19 (02:03)**.

5.1 Snit 19 is 'n eietydse interpretasie van Suid-Afrikaanse Stadsmusiek. Noem VIER style van Suid-Afrikaanse Stadsmusiek wat die musiek van Snit 19 beïnvloed het en noem EEN kenmerk van elke styl wat in die musiek gehoor kan word. Moenie 'n kenmerk meer as een keer in jou antwoord noem nie.

| | |
|---|---|
| Styl 1 | |
| Kenmerk | |
| Styl 2 | |
| Kenmerk | |
| Styl 3 | |
| Kenmerk | |
| Styl 4 | |
| Kenmerk | |

(8)

Luister na **Snit 20 (00:39)**.

5.2 5.2.1 Identifiseer die musiekstyl wat deur Snit 20 verteenwoordig word.

(1)

5.2.2 Motiveer jou antwoord op Vraag 5.2.1.

(1)

5.2.3 Gee DRIE musiekinvloede wat tot die ontstaan van die styl wat in Vraag 5.2.1 geïdentifiseer is, bygedra het.

(3)

**[13]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 6

Luister na **Snit 21 (03:55)** en **Snit 22 (03:09)** wat twee verwerkings van een van jou voorgeskrewe werke is.

Gebruik die musiek wat jy in Snit 21 en Snit 22 hoor en jou eie kennis om in 'n opstel krities te evalueer in watter mate die twee verwerkers van Snit 21 en Snit 22 die oorspronklike weergawe van die stuk herskep het. Jou evaluering moet op die musiekelemente in elke verwerking fokus.

**MOENIE** jou mening oor die gehalte ("goed"/"swak") van die verwerkings gee nie, maar gee eerder spesifieke voorbeelde uit die opnames van hoe die twee verwerkers die oorspronklike werk herskep het.

Sluit benewens jou evaluering die volgende inligting in:

- Die naam van die voorgeskrewe werk en die komponis.
- Die jazz-styl wat deur die voorgeskrewe werk verteenwoordig word.
- Die doel van hierdie Jazz-styl.
- Die dekade waarin die Jazz-styl die gewildste was.

Jou opstel sal nagesien word deur die volgende rubriek te gebruik:

| **RUBRIEK VIR OPSTEL** | |
|---|---|
| 20–16 | Kandidaat toon duidelik 'n begrip van die vraag, lewer feitelike bewys en verwys na musiek-elemente soos melodie, metrum, tekstuur, ens. Voltooi al die vereistes en verskaf 'n insiggewende evaluering van die werke met verwysing na die spesifieke eienskappe van die twee snitte en die kandidaat se eie kennis. |
| 15,5–10,5 | Toon 'n begrip van die vraag, voltooi al die vereistes, lewer feitelike bewys en verskaf verwysings na musiekelemente soos melodie, metrum, tekstuur, ens., asook verwysings na die spesifieke eienskappe van die snitte en die kandidaat se eie kennis. |
| 10–5,5 | Voldoen aan al die vereistes, maar toon slegs 'n gedeeltelike begrip van die vraag en beperkte feitelike bewys. Beperkte verwysing na musiekelemente soos melodie, metrum, tekstuur, ens., met slegs gedeeltelike verwysing na die spesifieke eienskappe van die snitte en die kandidaat se eie kennis. Daar is 'n wanbalans tussen die afdelings van die opstel. |
| 5–0,5 | Toon minimale begrip van die vraag, voltooi nie al die vereistes nie en verskaf slegs 'n vae verwysing na die feite, die musiekelemente of die kandidaat se eie kennis of maak geen gebruik daarvan nie. Geen evaluering word aangebied nie. Daar is geen balans in die opstel nie. |

IEB Copyright © 2021

**[20]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 7

Luister na **Snit 23 (00:38)**.

7.1 Identifiseer die werk en die komponis daarvan.

____________________________________________

____________________________________________ (1)

7.2 7.2.1 Noem die TWEE karakters wat in Snit 23 verskyn.

____________________________________________

____________________________________________ (2)

7.2.2 Beskryf hoe die komponis die **TONALITEIT**, **HARMONIE**, **KLAVIER-BEGELEIDING** en **VOKALE LYN** gebruik het om tussen die twee karakters in Snit 23 te onderskei.

Tonaliteit: ____________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Harmonie: ____________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Klavierbegeleiding: ______________________________

____________________________________________

____________________________________________

Vokale lyn: ____________________________________

____________________________________________

____________________________________________ (8)

**[11]**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2021

**BYKOMENDE SPASIE (ALLE vrae)**

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2021